

ANNA ATOOM EN DIE SEEROWER SE DOLK

DEUR ELIZABETH WASSERMAN

HOOFSTUK 1

1. Anna het seeslakke in 'n werklike akwarium tussen rotse in die see naby hulle huis.
2. Sy het 'n hond, Brak. Hy is 'n robothond.
3. Anna woon op 'n eiland met die naam MonPetit.
4. waterlong, suurstof, suig
5. Sy het iets blink op die seabodem gewaar en wou sien wat dit is.
6. Daar was 'n haai naby haar in die water.
7. Die ligweerkaatsing op die dolk se lem het die haai se aandag afgetrek.
8. Die skerp lem het sy bek gesny.
9. Die haai het die dolk gelos.
- 10.1 metafoor
- 10.2 vergelyking
11. Hy kry die haai se reuk aan die dolk.
12. Sy het laatmiddag, wat die jagtyd van honger haaie is, gaan swem. Sy het haar Arm Alarm geïgnoreer.

HOOFSTUK 3

1. MonPetit is suid van die ewenaar in die Indiese Oseaan geleë.
2. appelbome
3. vergelyking
4. “fel”
- 5.1 Die klimaat is baie warm.
- 5.2 Dit bied privaatheid.
6. Hy is ’n “BioTron”. Dit beteken hy is half mens, half robot.
- 7.2 Hy is getref deur ’n atoomverplasende straal.
- 7.5 Dit het gelyk of hy wil ontplof, want hy het erg gebewe.
- 7.4 Die wetenskaplikes het hom in ’n spesiale tenk geplaas om hom in een stuk te hou.
- 7.1 Die aarde se swaartekrag was te hewig vir die admiraal.
- 7.3 Hy moes in die ruimte gaan bly.

HOOFSTUK 4

1. Hy probeer om 'n stuk gebraaide piesang aan die hond se stert te plak en ook om dit in die hond se oor te druk.
2. Hy weet sy pa kan hom nie gryp om hom te raps nie, want hy is nie by hulle nie. Hy is slegs 'n beeld op 'n televisieskerm.
3. Haar ma sal haar berispe (met haar raas) en kan haar dalk selfs verbied om weer laatmiddag te gaan swem.
4. Om iemand in die vlees te sien OF om iemand persoonlik te ontmoet
5. prut – kook
kug – hoes
hol – hardloop
raps – slaan
Grote Griet – O, gits OF O, genade (iets wat verbasing oordra)
ellelange – baie lank
kaai – hawemuur
6. Anna se pa noem haar “wipneus”, “sproetneus” en “meisiekind”. Haar pa is baie lief vir haar en mis haar heel moontlik vreeslik. Daar is 'n sterk band tussen hulle.
7. hiperbool

HOOFTUK 5

1. Voorbeelde wat leerders kan noem sluit in:
E-pos, telefoon, faks, tele- en videokonferensies, Skype, sosiale netwerke (Facebook, MySpace, twitter ens.), teksboodskappe.
2. Hy woon naby die see/op 'n eiland. Sy dink ook sy is meer gevorderd/gesofistikeerd as hy en hy is dus 'n “visblik” in vergelyking met haar. “Vis**blik**” kan ook teruggevoer word na die woord “**blik**brein”, wat soms vir rekenaars gebruik word.
3. Sy sê dat rekenaars veel slimmer as mense is. Rekenaars kan alles vinnig en beter doen as mense, selfs al het mense hulle gemaak. Sy sê rekenaars maak nooit foute nie.
4. Mense wat van openbare vervoer gebruik maak (4.3) dra **nie** by tot aardverwarming nie.
5. Maks: beskermend en lojaal
U6: geïrriteerd en veroordelend
6. Sy vloek.
7. “Ek dog vrouens kan meer as een ding op 'n slag doene?”

HOOFSTUK 6

1. Daar is geen vergelykings in die hoofstuk nie. Vra dalk leerders om twee voorbeelde van uitgestorwe diere in die hoofstuk te soek.
2. Paleontoloog
3. Hy kan sy voete ombuig tot voor sy oë.
4. Te lag/grappe te maak.
5. Wetenskaplikes dra gewoonlik 'n wit jas om hul klere in die laboratorium te beskerm.
6. Hy dink die aksie sal sy frustrasie oordra, maar die pantoffels maak geen geluid teen die wand van die RuimteArk nie.

HOOFSTUK 7

1. Alge is besig om die see te oorgroei en die lewe in die see te bedreig.
2. Die alge gebruik al die suurstof in die water en dan wurg die ander seediere dood. Al die lewe in die see kan uitgeroei word.
3. Nee. Hulle kan net take doen waarvoor hulle geprogrammeer is. Hulle kry instruksies van mense.
4. (hoë frekwensie) klankgolwe, doodgaan
5. Dit sal alle lewe in die see uitwis en daarna sal die lewe op land ook uitgeroei word.
6. Ja. Hy is ontsteld omdat die mense besig is om die aarde te vernietig met globale verwarming, besoedeling en oorbevolking.
7. “Dit lyk nie goed nie, Maks.”

HOOFSTUK 8

1. Hy het die geld wat hy gebuit het dikwels gebruik om armes te help. Hy was baie lief vir die natuur en vir die eilande.
2. Nee. Sy sê mense probeer al die afgelope tweehonderd jaar om die skat te kry.
3. Moontlike antwoord: Iemand het na inligting oor die wrak gesoek sonder mev. Salie se medewete. Hy moes haastig gewees het. Daarom het hy alles net so deurmekaar gelos.
4. Sy dink Anna het van die dokumente gesteel.
5. Sy sien dat een van die stawe van die diefwering losgeskroef is. Toe sy dit druk swaai dit boontoe en laat sodoende genoeg spasie vir 'n skraal persoon om deur te klim.
6. Ton is rustig en kalm. Mev. Salie is ontsteld.
Ton praat beleefd. Mev. Salie praat skril.
7. “Anna se kop is vol seerowers!” (metafoor)
“Anna voel hoe haar moed tot in haar skoene sak.” (spreekwoord)

HOOFTUK 9

1. Sy is bang dat sy die dolk vir hom sal moet gee.
2. Daar was dodo's op die skip. Hulle het later uitgesterf.
3. Ja. Hulle was ongeletterde mense en het nie die waarde van bewaring besef nie.
OF
Nee. Vandag is mense meer bewaringsbewus.
4. Onwaar. Volgens Raymond Hodoul is die die dagboek 'n afskrif en hy het afskrifte van die kaarte.
5. Anna voel gefrustreerd, want Ton is afsydig teenoor haar, haar ma ignoreer haar. Slegs haar pa skenk aandag aan haar.
6. oupagrootjie
7. Sy het verwag die skat aan boord sou goud, robyne en diamante wees. Sy is teleurgesteld, want die dodo het in elk geval uitgesterf.
8. Anna dink haar ma kon net sowel in 'n ruimtetuig bokant die aarde gewentel het (soos haar pa wel doen) of op 'n ander planeet gewees het, so min aandag gee sy aan Anna.

HOOFSTUK 10

1. Nee. Dit beteken dat daar iets verkeerd is.
2. Hy kon moontlik 'n rekenaarvirus opgedoen het, want hy is 'n BioTron, d.w.s. half mens, half robot.
3. Dit gee haar 'n kans om alleen met haar pa te praat.
4. Hy is besig om die raaisel omtrent die oorgroeiing van alge te probeer oplos.
5. Ton se dialoog is in 'n formele register. Hy noem Anna “juffrou” en “jong dame”. Hy werk vir die Atoom-familie, daarom praat hy op 'n formele manier met hulle.

HOOFSTUK 11

1. Sy beeld is 'n hologram en hy is in werklikheid ver van haar in Nederland.
2. Amerika is een van die invloedrykste lande in die wêreld en waarskynlik een van die lande wat die meeste geld bydra tot GROEN.
3. Dit duur 'n rukkie voor die effek van die golwe op die alge met die blote oog sigbaar is.
4. Feitlik al die plante- en dierelewe in die see sal sterf.
5. Prof. Sabatina het uitgevind dat 'n **biogolf** wat deur 'n **bio-terroris** uitgestuur is, die onnatuurlike groei van **alge** veroorsaak. Volgens mnr. Amsterdam is haar teorie **loutere bog** en hy glo die hele aarde sal in die **verdoemenis** beland as ons **eko-sisteem** vernietig word. Maks, wat aangedryf word deur **plutonium** batterye, stem met haar saam dat die onbeheerste groei die gevolge van **sabotasie** is.

HOOFSTUK 12

1. Hulle kloon die diere.
2. Sy laat hulle so toe om privaat te kan kommunikeer.
3. “databasis”
4. Nee, sy was baie besig om die probleem met die alge te probeer oplos. Dit het ’n groot impak op die wêreld se ekosisteem en sy ag dit as baie belangrik.
5. Haar ligte gloei rooier.
6. Mense kan leuens vertel, rekenaars nie. Hulle kan nie anders as om die inligting weer te gee waarvoor hulle gevra word nie.

Opdrag

1. Metronoom, staanhorlosie wat met pendulum werk.
2. driedimensioneel gewigloos
aankomeling reptiel
sluimer soogdier

HOOFSTUK 13

1. Sy wil nie haar ma steur nie, maar sy wil ook nie hê haar ma moet weet waarmee sy besig is nie.
2. Onwaar. Dis gemaak van 'n allooi (mengsel) van koper en staal.
3. Dis baie dof, deur sand verweer.
4. Anna het hom geprys, soos mens met 'n troeteldier maak as hy iets ouliks doen.
5. Die kontoere op die kaart wys dat die seabodem skerp na onder val net duskant die wrak.
6. Tsoenami.
7. Die *Chivonne* is getref deur 'n groot golf, veroorsaak deur vulkaniese aktiwiteit. Die golf het haar reg onder die water gedruk en sy het bodem toe gesink. Daar is sy deur 'n golf lawa bedek.
8. Geen lug, water of sand, wat verwering veroorsaak, kon daarby uitkom nie.
9. "Julle het my nooit gevraes nie!"
10. Daardie voël is lank gelede dood en het uitgesterf.

HOOFSTUK 14

1. 'n Swart kruis merk die plek op die kaart waar die skat begrawe is, maar sodra sy op die plek kom, beweeg die kruis na 'n ander kolletjie op die kaart.
2. Pip is met PokMasels gediagnoseer. Hy het 'n blou uitslag en hoë koors.
3. Dit is 'n virus wat spesifiek BioTrone aanval.
4. Prof. Sabatina.
5. Moontlike antwoord: Die natgeswete laken is om haar lyf gedraai.
6. Haar ma en Maks is besig om die algekrisis te probeer beheer. Ton pas die siek Pip op.
7. “. . . die volgende oomblik begin hy soos 'n rubberbal in die kamer rondspring.”
“. . . haar gedagtes hol rond soos hase.”

HOOFSTUK 15

1. Haar ma en Ton sou haar moontlik keer omdat hulle sou dink dat dit te gevaarlik is.
2. Anna sou haar ma alles oor haar planne vertel en haar vra om saam te gaan.
3. “Maar sy hoop verniet.”
4. ovaal
5. Moontlike antwoord:

Voordele: Hy is baie slimmer as ’n gewone hond en hy lig nie sy been teen elke boom nie. Hy kan beter ruik as ’n gewone hond en kan ook uitstekend sien en hoor.

Nadele: Hy is van metaal gemaak en voel hard. Hy is dus nie so lekker om aan te raak soos ’n regte hond nie.

6. Hy kan nie vir homself dink nie.

HOOFSTUK 16

1. Hy het self die Breingolf-herkenner ontwerp wat jou identifiseer volgens jou breingolfpatrone. Daardie tegnologie is nou gebruik om hom uit te sluit uit Sektor 16.
2. “onfeilbaar”
3. Sy is geprogrammeer om Sektor 16 geheim te hou.
4. Dis te groot om rond te dra.
- 5.1 Hy word naer en verloor sy bewussyn.
- 5.2 U6 kan ’n instruksie gegee word om hom te help;
As hy sy bewussyn herwin, kan hy moontlik ’n plan beraam/sy vrou kontak vir hulp.
(*Enige aanvaarbare antwoord.*)
6. aantrekkingskrag
7. handhaaf, in stand hou, behou

Opdrag

sekuriteit	identifiseer
laboratorium	gravitasie
molekule	vasbeslote
bewussyn	samestelling

HOOFSTUK 17

1. Die water word vlakker en dis ook ryker aan suurstof.
2. c) Die plankton het eerste begin doodgaan.
a) Die bakterieë wat van dooie alge en plankton leef, het floreer.
d) Die ongebalanseerde groei van die bakterieë het die laaste bietjie suurstof uit die water gesuig.
b) Die vis en ander seediere wat van plankton leef, het versmoor weens die suurstoftekort.
3. Die seevoëls.
4. Nee. Daar sal baie gou nie meer visse oor wees nie, en dan sal die seevoëls ook sterf.
5. Hy pla haar en neul met haar, want hy vind altyd fout met haar werk.
6. Hy het 'n teengolf geskep wat die algegroei sal stop.
7. Hulle het nie toerusting om die korrekte frekwensie op te wek nie.
8. Leerder se opinie.

HOOFSTUK 18

1. Hy was nog nooit voorheen in daardie vertrek, Sektor 16, nie. Die bringolfherkenner het hom daar uitgesluit gehou.
2. Hy het nooit beplan hoe hy daar gaan uitkom as hy eers binne is nie.
3. “Slim het nou sowaar sy baas gevang.”
4. Nee. Hy vertel haar nie dat hy vasgekeer is in Sektor 16 nie.
5. Hy is in die ruimte op die RuimteArk.
6. Die biogolf wat die algegroeie veroorsaak word vanuit Sektor 16 gestuur.
7. agter

HOOFSTUK 19

1. “Onder die oppervlak van die water ontvou ’n landskap so mooi dat dit jou asem wegslaan.”
2. Ja. Sy sou altyd haarself verwyf as sy nie na die wrak gaan soek het nie.
Daar kan werklik ’n skat wees.
OF
Nee. Sy is alleen onder die see en nie een van die mense by die huis weet daarvan nie.
Dit is gevaarlik so diep onder die see en as sy in gevaar is, sal niemand haar kan red nie.
3. Nee. Sy moet nog die hele ent terug aanpak en enigiets kan gebeur.
4. “Voor Anna wink die oop see.”

HOOFSTUK 20

1. “bakkies”.
2. Sy sal moontlik Uranus Draak laat weet dat die admiraal in die verbode Sektor is.
3. Nee. Sy is geprogrammeer om instruksies uit te voer.
4. Die professor het sy luidsprekers se klank afgedraai sodat Maks nie hul gesprek kan hoor nie.
Sy het ook die videodata op so ’n manier in sy sisteem ingevoer dat hy nie verstaan wat aangaan nie.
5. Die liggies op sy kontrolepaneel flikker woes en hy kerm en kla, maar niemand kan hom hoor nie omdat die klank van sy luidsprekers afgedraai is.
6. Hy moet ’n teengolf ontwikkel wat die bio-golf wat die algegroeï veroorsaak, sal vernietig.
7. “Professor Sabatina se dag verloop nie so goed nie.”
8. dief, skelm, skobbejak

HOOFSTUK 21

- 1.1 genot
- 1.2 onseker
- 1.3 opgewonde
2. Die druk daar diep onder die see is so hoog dat dit die Verkenner sal opfrommel soos 'n papiersak.
Daar is ook reusehaai en ander ongediertes wat hulle moontlik kan aanval.
3. Sy wil hom al die interessante dinge en diere wat hulle teëkom wys, maar hy slaap net.
4. Dit was **ver**.
5. . . . deur die lawa wat die wrak bedek te kan sien.
- 6.1 veerlig
- 6.2 loodswaar
- 6.3 broodnodig

HOOFSTUK 22

1. Dit is waar die skip sy laaste rusplek gekry het.

OF

In vroeër jare het mense wat gesterf het, 'n doodskleed/begrafniskleed gekry. Die skip het gesink en daar was nog matrose daarop. Die lawa het gedien as hulle doodskleed.

2. Die mees ontstellende was die geraamte van een van die seemanne wat verdrink het.

3. kaptein, dodo's

4. skatkis.

5. immers

HOOFSTUK 23

1. Hy merk iets op wat baie vinnig na hulle toe aangeswem kom.
2. Hy tel geen masjienvibrasies op nie.
3. “Wat soek een van die gediertes in die vlak tropiese water rondom die eilande?”
4. Die vis is baie vinniger as die Verkenner.
5. Die vis het groot oë om beter te kan sien in die donker dieptes waar hy gewoonlik leef.
6. Hulle is albei BioTrone.
7. Jy kan dit sien sonder om deur ’n bril of vergrootglas te kyk.
8. Die vis is moontlik nie seker wat die Verkenner is nie en het daar naby verby geswem om te ondersoek of dit ’n bedreiging vir hom inhou of nie.
9. “Sy mantel gaan oop en toe nes ’n reusesambreel . . .”
“Die inkvis se oë is so groot soos motorwiele . . .”
“Twee lang tentakels sleep soos knuppels agter die yslike lyf aan.”
(enige twee)

HOOFSTUK 24

1. Pip is 'n BioTron – dus moet sy toestand m.b.v. 'n rekenaar gemonitor word.
2. Dit irriteer haar as Maks die werkwoord in die meervoud gebruik.
3. Alhoewel hy baie “slim” is, is hy uiteindelik 'n rekenaar en verstaan hy nie mense se manier van dinge doen nie.
Hy weet ook niks van kind oppas nie; dit is 'n ouer se verantwoordelikheid.
4. Onwaar. Sy het skuldig gevoel omdat sy Anna verwaarloos het. “Sy behoort altyd te weet wat in haar dogter se lewe aangaan.”
5. Sy haal diep asem.
6. Sy programmering registreer die historiese toon in die professor se stem.
7. Hy bly stil.
8. Dit is weggesteek in 'n BioTron van 'n reuse-inkvis.
9. Nee, dit kom sarkasties voor, maar Maks is 'n rekenaar en gee net die feite weer: Anna is wel alleen in die Verkenner, en sy is die enigste een wat in werklike lewensgevaar verkeer. Maks is in rekenaarverbinding met haar, en Brak is 'n robothond, wat nie kan seerkry in 'n aanval deur die inkvis nie.

HOOFSTUK 25

1. Sy het begin om die wand met haar bek te rasper.
2. Sy moet probeer om kalm te bly en nie paniekerig te raak nie.
3. Sy raak kwaad en spuit 'n wolk swart ink in die water.
4. Maks sê Anna moet die laser as 'n wapen gebruik.
5. Die laser het tydens die geveg met die inkvis die Verkenner se antenna per ongeluk afgesny. Sy het haar verbinding met Maks verloor wat beteken dat sy en Brak nou op hul eie is.
6. 'n Sardientjie is 'n soort vis. Anna en Brak is diep onder die see vasgekeer in 'n klein ruimte, soos 'n blikkie waarin sardiens gewoonlik verpak is.
7. Daar is deesdae honderde verskillende soorte motors op ons paaie.
Een van die vliegtuig se motore het onklaar geraak.

HOOFSTUK 26 en 27

1. Sy dwing haarself om kalm te bly.
- 2.1 Sy onthou dat reuse-inkvisse 'n paar jaar gelede gesterf het toe lae-frekwensie golwe hul sensitiewe weefsel beskadig het. Sy gee hierdie inligting aan die admiraal.
- 2.2 Die admiraal stuur 'n lae-frekwensie golf met die BioGolf-opwekker.
3. Jou maag.
4. Die lae-frekwensie golf word deur sy gehoorsensors opgevang en hy tjank, want die klank is te erg vir hom.
5. Die golwe wat deur haar liggaam trek, verlam haar en dit vernietig haar selle en weefsel asof dit in 'n mikro golfoond gekook word.
6. gevolgtrekking
7. Die “pragtige planeet” is die aarde.
8. bevolking

HOOFSTUK 28

- 1.1 Nee.
2. Hy wil die oorblyfsels van die dodo's hê sodat hy hulle kan kloon om 'n nuwe ras dodo's te skep.
3. Sy het nie agtergekom toe die admiraal die Verbode Sektor binnegaan nie.
4. Die admiraal het die Biogolf geaktiveer wat die alge groei kon stop en wat die inkvis vernietig het.
- 5.2 Sy raak kwaad.
- 6.1 Sy redekawel met hom toe hy haar "onnosel" noem.
- 6.2 Sy bly dadelik stil toe hy haar beveel om dit te doen.
7. nuwe wêreld
8. ". . . en sonder om twee keer te dink trek hy die sneller."
"Nou eers besef Uranus Draak wat hy gedoen het."
9. "Wat wou jy regkry met hierdie gevaarlike speletjie van jou?"
Dis 'n eufemisme om Uranus Draak se plan om alle lewe op aarde te vernietig 'n "speletjie" te noem.

HOOFSTUK 29

1. Hy het in sy ruimtetuig gevlug.
2. Hy is moontlik iewers in Suid-Amerika, want U6 het sy ruimtetuig se laaste koördinate daar geregistreer.
3. Sy liggaam se los molekules, wat veroorsaak dat hy nie op aarde kan bly nie, het nou egter sy lewe gered, want die stukke daarvan het net eenvoudig padgegee en die koeël het deur sy liggaam getrek.
4. Die koeël wat hom getref het, het deur sy liggaam gegaan en die kontrolepaneel agter hom getref en dit erg beskadig. Daar sal nie gou weer 'n skadelike BioGolf daarvandaan uitgestuur kan word nie.
5. Pip is besig om te kyk hoeveel kokosneutkoekies hy gelyktydig in sy mond kan druk.
6. vindingryk, avontuurlustig, intelligent, waaghalsig, ongehoorsaam, ongeduldig, vasberade, dapper
(enige beskrywende woord vir Anna)
7. GROEN kan nie negatiewe publisiteit bekostig nie EN die admiraal wou sy gewese vriend se reputasie beskerm.
8. . . . sy liggaam se molekules dalk herstel kan word sodat hy weer 'n normale lewe op aarde sal kan lei.

HOOFSTUK 30

1. Dit moet in kursief (of skuinsskrif) geskryf word: *Thuridilla undula*.
2. In die water rondom die eiland Réunion.
3. Die slak het slymerig gevoel.
4. Hulle is die eerste paartjie van hul nuwe ras, nes Adam en Eva, wat volgens die Bybel die eerste mense van hulle ras was.